

Zelda Barends*

Ons vier elke jaar op 5 Oktober [Wêreldonderwyserdag](#) om die waardevolle bydrae van onderwysers tot die samelewing te beklemtoon deur die opvoeding van ons kinders en deur hulle hulp aan die kinders om goedaferonde burgers te word. Die onderwys is 'n edel beroep wat inderdaad gevier moet word. Maar ongelukkig staar ons onderwysers steeds [baie uitdagings](#) in die gesig wat nog aangespreek moet word. Somtyds kry ek die indruk daar is nie genoeg waardering en begrip vir dít onderwysers moet doen nie.

Ons moet krities omgaan met wat dit beteken om onderwys te gee, asook met wat dit beteken om die verskillende skoolfasies te onderrig. In die grondslagfase (graad R–3) rus onderwysers jong kinders met fundamentele instrumente, vaardighede en kennis vir leer toe. Dit is uiters belangrik vir die volgende fase van skool – die intermediêre fase (graad 4–6) – waar leerders se denke en ontwikkeling gevorm word. Wat met leerders in hierdie fase gebeur, bepaal die pad vorentoe vir die meer senior jare van skoolgaan. Hierdie leer kan nie sonder onderwysers gebeur nie.

Hoewel elke onderwyser belangrik is, behoort daar groot waardering vir grondslagfaseonderwysers te wees. Hulle onderrig leerders tussen vyf en nege jaar en is (met die hulp van ouers/versorgers/voogde) verantwoordelik vir die vaslegging van 'n stewige grondslag wat kinders in staat sal stel om regdeur hul skoolloopbaan te kan leer. Hierdie leer hang ook van die kind se leesvermoë af. Hier speel grondslagfaseonderwysers 'n belangrike rol, aangesien hulle leerders help om geletterdheidsvaardighede te ontwikkel wat hulle in staat stel om te leer lees sodat hulle in die latere skoolfasies lees kan gebruik om te leer. Dit is uiters belangrik, gegewe Suid-Afrika se voortslepende [leeskrisis](#).

Wat beteken dit om kinders te leer lees? En hoe doen onderwysers dit? Hierdie vrae het nie maklike antwoorde nie – nie net omdat om te leer lees in die wetenskap ingebed is nie, maar ook omdat die werklikhede van ons klaskamers en skole onderwysers se vermoë om te onderrig beïnvloed. Om te leer lees hang van ontwikkelingsveranderlikes af wat doelgerig gedurende die vroeë kinderjare (0–5 jaar) gekweek en vertroetel moet word.

Daar word dikwels aangeneem dat leerders wat die grondslagfase betree, se boustene vir lees reeds in plek is. Ongelukkig is dit nie die geval vir die meeste leerders in Suid-Afrika nie, want hulle het nog steeds nie almal toegang tot hoë-gehalte programme vir kleinkindontwikkeling nie en dit is hier waar hierdie grondslag vasgelê word. Verder verwerp die huidige kurrikulum hierdie ongelykheid, want die manier waarop dit aangebied word, voorveronderstel dat alle leerders op dieselfde vlak was wanneer hulle begin skoolgaan. Die kurrikulum skryf ook voor wat onderwysers moet onderrig, ondanks die verskillende omstandighede in ons klaskamers. Terselfdertyd word hulle voortdurend daaraan herinner dat hulle gedifferensieerde onderrig moet toepas wat na die wysiging van hul onderrig verwys om by die individuele behoeftes te pas.

Ten slotte ...

My onlangse interaksie met grondslagfaseonderwysers het my laat glo dat hulle gretig is om onderwys te gee. Daar was inderwaarheid tekens van innovasie in hul onderrigpraktyke. Hul gretigheid word egter gedemp deur 'n voorskriftelike kurrikulum, die bestuur van oorvol klaskamers, eindelose administratiewe take, die aanspreek van leerders se maatskaplike uitdagings en leerverliese.

Onderwysers strewe na uitnemendheid, maar die realiteit van die klaskamer is dikwels vir hulle 'n struikelblok. Kom ons vier hierdie onbesonge superhelde op Wêreldonderwyserdag en ook daarna.

Kom ons toon ons ongelooflike waardering en dankbaarheid vir dít wat ons onderwysers doen en vir hoe hulle voortgaan om dit te doen, ondanks al die uitdagings. Maar ons moet ook altyd in gedagte hou wat nog gedoen moet word sodat hulle vrylik kan onderwys gee.

***Dr Zelda Barends is 'n dosent en grondslagfasekoördineerder in die Departement Kurrikulumstudie aan die Universiteit Stellenbosch.**